Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
(30 November – 4 Desember 2026)

AFSKOP VRAAG

As jy een oomblik uit die afgelope jaar kan kies waarin jy God se goedheid en liefde op ‘n besondere manier ervaar het, watter oomblik is dit - en wat het dit vir jou beteken?

GEBED

Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

SKRIFLESING EN TEMA

Verskeie Skrifgedeeltes. Dit sal goed wees as die groep dit voor die tyd kan lees.
Elizabeth (Lukas 1:41-45)
Maria (Lukas 1:46–55)
Sagaria (Lukas 1:67–75; 78b-79)
Die engele (Lukas 2:8–14)
Die skaapwagters (Lukas 2:15–20)
Simeon en Anna (Lukas 2:25–32; 36-38)

Tema: Waar die Here is, is daar lof!

GESPREKSVRAE

1. Ons lees in Lukas van 6 lofreaksies by Jesus se koms en geboorte. Watter persoon of groep se reaksie - Elizabeth, Maria, Sagaria, die engele, die skaapwagters of Simeon en Anna spreek jou die meeste aan? Waarom?
2. Maria sing al verstaan sy nie alles wat voorlê nie. Hoe kan haar voorbeeld ons help wanneer ons onseker is oor wat in ons eie lewe gebeur?
3. Sagaria se loflied herinner hom en die mense om hom aan God se trou. Is daar ’n belofte of geloofswaarheid waaraan jy vashou wat die Here se trou aan jou bevestig?
4. Die engele besing God se eer en verkondig vrede. Wat help jou om die fokus op Jesus te laat val in die besige Kersseisoen waar so baie dinge jou aandag van Hom wil aftrek?
5. God laat die skaapwagters eerste die goeie nuus hoor. Wat leer dit ons oor wie welkom is by God en hoe kan ons dit in ons selgroep of gemeenskap uitleef?
6. Die skaapwagters keer terug na dieselfde werk, maar met nuwe vreugde en lof. Hoe kan ’n ontmoeting met Jesus jou alledaagse lewe verander, selfs wanneer jou omstandighede nie verander nie?

AFSLUITING

Simeon en Anna vertel ander van Jesus en hierdie boodskap nooi elkeen om ’n eie loflied te hê. Watter rede het jy om God te dank, en met wie kan jy hierdie week iets van Jesus se hoop of liefde deel?

GEBED

Vra vir die Here dat elkeen van ons, ons land en die wêreld hierdie jaar Kersfees as ‘n Christusfees sal vier.